

Donderdag 18 Maart

Skrifgedeelte: Levitikus 3:1-17

Fokusgedeelte: Levitikus 3:14

Stappe om met God fees te vier

Jy nooi nie iemand wat jou kwaad aandoen, uit vir 'n lekker ete nie. Jy nooi mense met wie jy in vrede leef.

Die vredesooffer (ook maaltydoffer of dankoffer genoem) vertel ons hoe God se vyande by 'n punt kan kom dat hulle in vrede saam met Hom 'n feesmaal vier. Eers moet die persoon wat aan God ongehoorsaam was, 'n offer bring. Met sy hand op die offerdier se kop het sy skuld op die dier oorgegaan. Daarna moes hy self die dier slag.

Die dier se vet en sy niere is aan die Here geoffer. Die vet was 'n teken van die beste deel. Die niere was tekens van 'n mens se gevoel, gedagtes en gewete. So het jy jouself aan God geoffer. Dit het die weg gebaan om weer in vrede voor God te leef.

Anders as sommige ander offers, kon die persoon wat die offer gebring het, en ook sy huisgenote, van die offervleis eet (Deut. 12:6, 7, 17, 18). Hulle moes dit in God se teenwoordigheid eet. God het 'n deel van die offerdier gekry en hulle ook. Dit was 'n teken van vrede tussen hulle en God. Daarom kon hulle met God feesvier.

Tog was daar 'n probleem. Die Jode van ouds moes telkens weer en weer vredeoffers bring, omdat die offerdiere nie regtig hulle skuld kon wegneem nie. Hulle moes hulleself eintlik offer.

Net 'n volmaakte menseoffer kon ware, standhoudende vrede bring. Dit het gebeur toe God sy eie Seun aan die kruis laat offer het. Ons kan met ons beste pogings nooit toegang tot God se vredesmaal kry nie. Dit is alleen moontlik wanneer ons aanvaar dat ons Here se volmaakte offer vrede met God gebring het. Gelowiges kan uitsien om aan sy bruilofsmaal aan te sit en fees te vier.

Sing: Skrifberyming 1-1:1, 3

Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)